

JAAREINDE AANSUIWERINGS

REKENINGKUNDE 10

REKENINGKUNDIGE KRINGLOOP



AANSUIWERINGS

- WAT IS AANSUIWERINGS?
 - DIS N PROSES VAN SUIWERING. REKENINGE MOET GESUIWER WORD SODAT DIE KORREKTE EN VOLLE WAARHEID VERTEL OOR DIE AKTIWITEITE VAN DIE FINANSIËLE JAAR.
- HOEKOM WORD DIT GEDOEN?
 - ALLE REKENINGKUNDIGE REKORDS WORD VOLGENS DIE ALGEMEEN AANVAARDE REKENINGKUNDIGE PRAKTYK (AARP) BEGINSELS OPGESTEL.
 - **HISTORIESE KOSTE**
 - BATES SOOS GROND EN GEBOUE, VOERTUIE EN TOERUSTING MOET IN DIE REKENINGKUNDIGE REKORDS TEEN DIE OORSPRONKLIKE AANKOOPPRYS AANGETEKEN WORD
 - **OMSIGTIGHEID**
 - WEES KONSERWATIEF (VERSIGTIG) OM NIE BATES SE WAARDE TE HOOG TE GEE NIE
 - **PARING (TOEVALLING)**
 - INKOMSTE EN UITGAWES MOET IN DIE KORREKTE FINANSIËLE PERIODE AANGETEKEN WOR

AANSUIWERINGS

- HOE WORD DIT GEDOEN?
 - INLIGTING WORD VOORSIEN OOR:
 - VOERTUIE EN TOERUSTING WAARVAN DIE WAARDE VERMINDER MOET WORD
 - REKENINGE WAT TE LAAT ONTVANG
 - UITGAWES WAS VOORUIT BETAAL IS
 - INKOMSTE WAT VOORUIT ONTVANG
 - DEBITEURE WAT AFGESKRYF MOET WORD
 - VOORRAAD WAT GESTEEL OF BESKADIG IS
 - ANDER VOORRAAD WAT NIE OPGEBRUIK IS NIE (SKRYFBEHOEFTE, VERPAKKINGSMATERIAAL)
- MAAK DIE AANPASSING (AANSUIWERING) IN DIE ALGEMENE JOERNAAL
- DRA DIT OOR NA DIE ALGEMENE GROOTBOEK
- STEL DAARNA DIE FINANSIËLE STATE OP MET DIE AANGESUIWERDE BEDRAE

VOERTUIE EN TOERUSTING

- VIR ELKE BATE WAT DIE ONDERNEMING BESIT, IS DAAR N BLADSY IN DIE REGISTER
- HIERDIE DOKUMENT BEVAT AL DIE BESONDERHEDE OOR DIE BATE
 - WAAR AANGEKOOP
 - WANNEER AANGEKOOP
 - AANKOOPPRYS
 - MODEL, REGISTRASIE NOMMER, ENJIN NOMMER, SERIE NOMMER, ENS
 - METODE VAN WAARDEVERMINDERING
 - WAARDEVERMINDERING
 - OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING
 - DRAWAARDE (BOEKIEWAARDE)
- WEENS GEBRUIK VIND SLYTASIE PLAAS EN VERMINDER DIE WAARDE VAN HIERDIE BATES OOR TYD. DAAROM VEREIS AARP DAT WAARDEVERMINDERING AFGESKRYF WORD SODAT N MEER REALISTIESE WAARDE IN DIE BALANSSTAAT VERSKYN.

WAARDEVERMINDERING – OPSIE 1

- KOSPRYS / VASTE BEDRAG / REGUITLYN METODE
 - DIE BATE SE VERWAGTE LEWENSDUUR WORD BEPAAL (BV 4 JAAR)
 - $100 / 4 = 25\%$
 - N SEKERE PERSENTASIE VAN DIE KOSPRYS WORD JAARLIKS AFGESKRYF
 - DIE BEDRAG BLY ELKE JAAR DIESELFDE
 - DIE MINIMUM WAARDE VAN ENIGE BATE IS R1.

JAAR	BEREKENING	WAARDE-VERMINDERING	OPGEHOOPTE WAARDE-VERMINDERING	DRAWAARDE
1	80 000 X 25%	20 000	20 000	60 000
2	80 000 X 25%	20 000	40 000	40 000
3	80 000 X 25%	20 000	60 000	20 000
4	80 000 X 25%	19 999	79 999	1

WAARDEVERMINDERING – OPSIE 2

- VERMINDERDE SALDO / DRAWAARDE METODE
 - (KOSPRYS – OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING)
 - DIE BATE SE VERWAGTE LEWENSDUUR WORD BEPAAL (BV 4 JAAR: $100 / 4 = 25\%$)
 - N SEKERE PERSENTASIE VAN DIE VERMINDERDE SALDO WORD JAARLIKS AFGESKRYF
 - DIE BEDRAG WORD ELKE JAAR MINDER

JAAR	BEREKENING	WAARDE- VERMINDERING	OPGEHOOPTE WAARDE- VERMINDERING	DRAWAARDE
1	80 000 X 25%	20 000	20 000	60 000
2	60 000 X 25%	15 000	35 000	45 000
3	45 000 X 25%	11 250	46 250	33 750
4	33 750 X 25%	8 438	54 688	25 312

AANSUIWERING – AKT 15.6

- STAP 1
 - BEREKEN DIE BEDRAG VIR WAARDEVERMINDERING VAN TOEPASSING OP DIE HUIDIGE FINANSIËLE JAAR
 - WAS DIE BATE IN JOU BESIT VIR DIE VOLLE 12 MAANDE?
 - WATTER METODE WORD TOEGEPAS?
 - WATTER %?
- STAP 2
 - VUL DIE INLIGTING IN DIE BATEREGISTER IN

AANSUIWERING – AKT 15.6

- STAP 3
 - ALGEMENE JOERNAAL

DAG	BESONDERHEDE	DEBIET	KREDIET
29	Waardevermindering	9 000	
	Opgehoopte waardevermindering: Voertuie		9 000

- STAP 4
 - ALGEMENE GROOTBOEK

OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING: VOERTUIE							
				Feb	29	Waardevermindering	9 000
WAARDEVERMINDERING							
Feb	29	Opgehoopte waardevermindering: Voertuie	9 000				

AANSUIWERING – AKT 15.6

- INVLOED OP REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

BATES		EIENAARSBELANG		LASTE	
INVLOED	REDE	INVLOED	REDE	INVLOED	REDE
-9 000	Drawaarde van toerusting verminder	-9 000	Waardevermindering = uitgawe		